## 26 Mei - HOOR

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 5:1-5**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 5:3**

Waar die aangeduide Skrifgedeelte ophou, volg die herhaling van die wet van die Verbondsgod, die sogenaamde Tien Gebooie. Eksodus 20 se gebooie dus weer. Maar tussen die twee "uitgawes" van die wet het meer as 40 jaar verloop. Die volk het hulle intussen voos getrek. Die pa's en oupa's is "doodgetrek". *"Geld die gebooie dan nou vir ons?"*

Moses sê die Verbondsgod sê: *"Ja, die wet het nie verval nie. Hoor, Israel, dit is nóú vir jóú."* Dooie gebooie, nou vir my? Dié oumens-sêgoed? Vergun my dit om dit (ietwat oordrewe) in hedendaagse jongmenstaal te formuleer:

*"Hoor? Luister? Dit is nie 'cool' om te dink dat die lewe bestaan uit wette nie. 'n Stroopsoet lewe is nie 'stunning' nie, nie 'hectic' genoeg nie. 'Grannies', Pa en Ma, Dominee, Pastoor (en watter ander kokkedoor ook al): Kry vir julle. 'Count me out.' Dit is vir julle ouetjies bedoel. Dit is 'past-tense'-dinge. Dit is 'boring' om wet-dinge te hoor. Ons soek 'n lewe vol 'fun' en feeste, iets moet vir ons 'awesome' wees, dán sal ons 'gaan' daarvoor.'*

Kom ek neem een van hierdie woorde en bring dit in verband met die gebooie van die Here. Die Engelse woord "awesome" wat nou so 'n in-woord geword het, is nie 'n nuwe woord nie. Dit beteken, as dit positief bedoel word, ontsagwekkend, dit vra eerbied. "Awe" beteken: vrees, eerbied, ontsag.

Dit is "awesome" dat gebooie steeds gehoor mag word – dit sê God se verbond van genade met die mens verval en verouder nie! Die Verbonds-god stel dit selfs so sterk deur Moses dat Hy eintlik nie sy verbond met húlle (die uitgestorwenes) gesluit het nie, maar: *"... met ons almal wat hier is en nou lewe. Ja, met julle persoonlik het die Here op die berg uit die vuur uit gepraat."* Jy is slavinnetjie, uit Egipte en uit die slawehuis van die sonde bevry. Jy het bruid geword! En sy gebooie is die liefdeswoorde van hierdie ont-séttende heilige Bruidegom vir sy ont-sétte bruid.

Is dit nie vreeslik en verskriklik ontsagwekkend ("awesome") nie?

Spreek, Here, ek hoor!

*Sing: Psalm 92-2:1, 2, 5 (2001-omdigting)* *Ds JP Bingle (Emeritus)*